V.L.V. – [illegible]

# Die Rol van die Hugenote-Vrou. 16 Aug. 1939.

191. T. 5 (19)

I **Inl.**: 'n Moeilike taak. Raad v. president. Kritiek.
Vanjaar Kwartmill.-fees van Hug. Wêreld in alg. en S.-Afr. in besonder. Belaam ons dus om hulde te bring.
Groot leiers, C., H. v. N. en G. de C., bekend genoeg. Eweneens optrede v. mans in alg.: vegters. Ons hoor baie daarvan en weldra nog meer.
Heel anders met rol v. Hug.-vrou.
Dis verstaanbaar – waarom? Maar haar rol is geensins minder bel. nie.

II **Die Hugenote**: Die Kerkherv. – Leiers: Lut., Mel., Zwingli, Knox en Calv. Aldus Prot. as 'n Eur. beweging. Versk. rigtings daarin, bv. Lutheranisme en Calvinisme. Aanhangers in verskeie lande. Neem Calvinisme as voorbeeld. Calvyn se volgelinge in Fr. heet Hugenote. Onderdrukking in Fr. – emigrasie: Ned. Rep., N.-Amerik. State, Eng. Sommige van Ned. na S.-Afr. In 1688 en 1689 omtrent 180. Sowat 1/5 v. gevestigde burgerbev.
Dis agtergrond. Rol v. vrou hierbinne.
1. Tydens Opkoms ~~(±1530–1610)~~; 2. Tydens ~~onderdrukking (±1610–1685)~~; 3. Aan Kaap.
(±1530–1610)

III **Opkoms**: (±1530–1610) Verskeie vooraanst. vroue dra ruimskoots by.
Margaretha van Navarre: haar broer, Frans I, in 1515 koning v. Fr. Leef in tyd toe Calvyn begin optree. – reeds vroeg 'n voorstander. Haar pos. baie moeilik. Latere verblyf by Nérac. Dis 'n klein hof. Verstandig en begaaf – Heptameron. Vertederig en sedes v. Koning [illegible]

aan Calv. in Fr.

Renatā van Frankryk: Dogtr van Lod.

XII. Opgevoed onder invloed van Mar. v. Nav. – Ferrara in It. – Calvyn self ook hier. openlike Prot. Inkwisisie. Dood v. haar eggenoot, 1559. Terug na Fr. – Montargis. Briefwisseling met Calvyn e.a. Barth.-nag (24 Aug. 1572)

Louise de Coligny: Dogter van Gaspard de Coligny. Mei 1572 getroud met Ch. de Téligny. Haar vader en eggenoot in Barth.-nag. Wil Calv. nie opgee nie; vlug na buitel. 1583 getroud met Willem v. Oranje; hy word vermoor, 1584. Een seun en baie stiefkinders. Baie moeilikhede – kinders se opvoeding. Dis heldinne hierdie wat op voorpunt gestaan het.

Maar gevaar aan beklemt. verbonde. Gewone Hug.-vrou help om Calv. onder volk te laat posvat. Huisgesin. Opv. v. kinders. Calv.'n vormende krag. Kinders sit dit weer voort. Hugenote word 'n krag in volk. – Egter hoofs. terug te voer tot moeder. In stilte is sy 'n krag – soos veer in horlosie.

Konkl.: opkoms v. Hug. in groot-mate aan vrou te danke, nie slegs leidsters nie maar ook gewone vrou.

IV Onderdrukking (±1610–1685). Beleid van onderdrukking en lyding wat dit meebring tref die vrou in hoë mate. Edikt v. Nantes en wysiging. Richelieu. ... helle. Beleg. Hongersnood. Besorging

van Otto Zoff. Vrou hoor saam met man.
Na 13 maande: 25,000 nou 5,000. Rich.
gaan staâd binne.
Beleid. v. Lod. XIV. Versk. maatreels. Dan
Dragonnade-stelsel. Hiermee word Hug.-
huisgesin, die stutte v. Calv., getref. Ook
hier ly vrou vir ideaal.
Opheffing v. Ed. v. Nantes. Verbod op
emigr. Veral vroue wat in vlug ly.
Theal.
Gevolgtrekking: Ook in lyding tydens
onderdrukking het vrou haar deel gedoen
Bereid om vir ideaal hul offer te
bring. Toewyding, volharding en offer-
vaardigheid.
V aan Kaap: Groot taak. Insonderh. vir vroue.
Pionierstoestande. Donkerg hulp daarin
voedsel en klere. maar verder omtrent
niks. Hout en gereedskap van owerheid.
Hiermee huisies, of skerms. Dit was
die eerste wonings v. Hug.-vroue aan
Kaap. Hierin vir hul gesinne sorg, en
hierin kinders opvoed — Calv. grondslag.
Vir vroue in alg. swaar, maar hoeveel
meer nog vir sekeres onder hulle.
Bv. die vrou van Pierre Lombard; haar
siek man en haar kind v. haar afh.
Wed. Ch. Marais — 4 kinders.
Wed. Ch. Prévot — 4 kinders.
Wed. Perrotet — 2 kinders.
Maar al die Hug.-vroue, ook bld. pas
genoemdes, het volgehou en voortgeploeg.
Eindelik oorwin. Waarom? — Lig in
hul harte: gewetensvryh.... Hul
kosterlikste besitting.
Hug.-vroue moeders van volk

in S.-Afr. × uitnemende beweging tot bevolkingstam in jong land. S.-Afr. kan hulle dankbaar wees, ook trots op hulle wees.

VI <u>Slot</u>: Resumé. Getoon hy haar man en huisgesin geslaag. Saam met hom vir één ideaal gely en gestry. Treffende ooreenkoms tussen Hug.-vrou en Voortrekker-vrou.

# Die Rol van die Hugenote-Vrou.

I Inl.: 'n moeilike taak. Raad van presidente. Vroue hoor graag van prestasies van hul eie geslag. Dus vermoedelik 'n geskikte onderwerp. Kritiek kan dus afgelei word.

Vanjaar Kwartmill.-fees van Hugenote. Terag groot voorbereidsels aan alle kante. Aan Hugenote het die wêreld ~~in~~ die algemeen, en S.-Afr. in besonder, veel te danke. Dit betaam ons dus om hul koms na ons land te gedenk, en veral om ~~[illegible]~~ op 'n waardige wyse hulde aan hul nagedagtenis te bring.

Die groot leiers van die Hugenote, soos Calvyn, Hendrik v. Navarre en Gaspard de Coligny, is bekend genoeg. Ewe bekend hoedat Hugenote-mans met wapen in die hand geveg het, en met krag en beslistheid vir die behoud van hul gewetensvryheid in die bres getree het. Deser dae hoor ons baie hiervan, en wanneer die feesnommers van die verskillende tydskrifte verskyn, sal ons nog veel meer hiervan verneem. Kortom dan, die rol en die stryd van die man kry ~~[illegible]~~ baie aandag en tree prominent aan die lig.

Maar heel anders is dit gesteld met die rol van die Hugenote-vro

Dis verstaanbaar: die vrou het ~~haar~~ nie so prominent op voorgrond getree ~~bydrae in die stukke gelewer~~ nie, en ~~en sy het nie~~ in godsd. en staatkundige gestelle nie ~~op~~ die voorton gevoer ~~voorgrond gestaan~~ nie. Hieruit volg dat daar nie soveel oor die optrede van die vrou geboekstaaf staan nie. Dit is dus moeilik om die rol van die vrou presies te bepaal. Maar dit wil nog nie sê dat die rol van die vrou minder belangrik was nie. Inteendeel. Sy het 'n hoogs belangrike rol gespeel soos ons verderaan nader sal sien. ~~Die vrou het haar invloed in die huislike kring laat geld; haar werkkring was die huisgesin. Maar die huisgesin is een van die vernaamste grondsuile van die volk. Maar die juis die vrou wat haar merk in die lewe van die volk deurgedruk het. Daarom het ons oorvloedig rede om die rol van die vrou nader te bepaal.~~

II <u>Die Hugenote</u> — nader verduideliking wie hulle was. Byna oorbodig, maar tog wenslik om eers duidelik te bepaal met wie ons te doen het. Luther en begin van groot Kerkherv. in begin van 16de eeu. Ander hervormers in ander lande: Melanchthon ook in Duitsl.; Zwingli in Switserland; Knox in Skotland; en Calvyn in Frankryk. Luther en Calvyn die vernaamste. Hulle invloed egter ver buite hul eie lande. Lutherane veral in Duitsl., maar

ook in bv. die Ned., Skandinawiese lande. Net so is die geval met Calvyn. Calviniste in Frankryk, maar ook in Switserland, Ned., en Engeland. Ons praat van Calvyn se volgelinge in algemeen as Calviniste. Maar sy volgelinge in Frankryk heet Hugenote. As gevolg van die godsdienstige deurlopende vervolgings in Frankryk het [redacted] van die Hugenote na ander lande geëmigreer. Hulle gaan veral na die Protestantse lande soos die Nederl. Rep., die Noord-Duitse state en Eng. Sommige van diegene wat na die Ned. Rep. uitgewyk het, kom vandaar weer na S.-Afr. In 1688 en 1689 het altesame ongeveer 180 in ons land aangekom. Die getal lyk maar gering, maar ons moet onthou dat hulle daarom ongeveer 1/5 van die destydse gevestigde burgerbevolking uitgemaak het.

Dit is die agtergrond van ons eintlike onderwerp. Teen hierdie agtergrond moet ons nou die rol van die Hugenote-vrou nader bepaal. Laat ons dit aan die hand van 3 hoofpunte doen: (1) die vrou in [redacted]. die opkoms van die Hugenote; (2) die vrou in [redacted]. die onderdrukking van die Hugenote; en (3) die Hugenote-vrou aan die Kaap.

Eerste tydperk van opkoms vanaf [illegible]
[illegible] tydperk - dood van Hen. IV dw. ± 1530 - 1610.

III Opkoms. Tot opkoms en verspreiding van Calvinisme in Frankryk het, net soos verskeie vooraanstaande mans, ook vooraanstaande vroue

ruimskoots bygedra. Baie name kan in dié verband genoem word, maar laat ons slegs op drie bekende verteenwoordigers kortliks let.

Margaretha van Navarre (1492-1549): Het tot hoogste adellike kringe in Fr. behoort. In 1515 word haar broer koning v. Fr., nl. Frans I. Sy leef in tyd toe Calvyn met prediking v. sy idees begin het. Stel belang daarin en word reeds vroeg 'n voorstander van die Hervorming. Haar posisie egter baie moeilik omdat haar broer, Frans I, alreeds begin het met vervolging van Hugenote. Bly egter trou aan haar oortuigings, en by Nérac, waar sy die latere jare van haar lewe deurgebring het, het sy aan haar hof honderde Hugenote beskerming verleen. Dit bring haar in diskrediet by Franse koninklike hof en ook by baie van Franse adel. — Wek ook die gramskap van die R. Kat. Kerk en sy invloedryke werkers op. Maar het nie haar 'n plek verower in harte van Hugenote en word nog steeds deur hulle nageslag in liefdevolle herinnering gehuldig. Sy was 'n verstandige en besonder begaafde vrou, soos haar vernaamste werk, Heptaméron, oorvloedig bewys.

maar daarby 'n buitengewoon voortreflike en sedelike mens vir wie selfs haar kwaaiste teenstanders respek gehad het. Dis die mense van haar soort wat krag en luister aan die Calvinisme in Fr. verleen het.

Renatë van Frankryk (1510 – 1575):

was 'n dogter van Koning Lod. XII van Fr. Opgevoed onder invloed van Mar. v. Navarre, en van haar ongetwyfeld veel van haar Prot. simpatieë gekry. Haar huwelik met die Prins van Ferrara in Italië 'n politieke huwelik en erg ongelukkig. Haar hof by Ferrara nie slegs 'n middelpunt van kuns en wetenskap nie, maar tegelyk 'n toevlugsoord vir baie Italiaanse Protestante. Hier het sy o.a. ook vir Calvyn self ontvang. ~~Haar~~ Haar Prot. oortuigings het sy so openlik getoon, dat sy dit nie lank in die Kat. Italië kon uithou nie. Deur die Inkwisisie is alle vreemdelinge verplig om haar hof te verlaat, terwyl sy self ook enige maandelank met enkele van haar hofdames gevange gehou is. Na die dood van haar man in 1559 vlug sy na Frankryk, waar haar Kasteel by Montargis openlik as 'n vergaderplek van Hugenote

gedien het. Deur haar brief-
wisseling met Coligny en ander
Prot. leiers is sy op die hoogte
gehou, en het sy dus, in der
waarheid, saam met ander leiers aan die hoof van
die Hugenote in Fr. gestaan. Tydens
die vreeslike Barth.-nag (24 Aug.
1572) het sy een van haar
laaste groot dade in die diens
van die Hugenote verrig. Wat
Barth.-nag was. Renata v. Fr. toevallig
in Parys; slaag daarin om die
lewe van 'n hele aantal van
haar geloofsgenote te red.

<u>Louise de Coligny</u> (1555-1620): 'n Dogter
van Gaspard de Coligny. In Mei
1572 getroud met Charles de Téligny.
3 maande later is sowel haar
vader as as eggenoot in die
Barth.-nag vermoor. Wil egter haar
Calvinisme nie opgee nie; vlug
uit Frankryk en vertoef lank
in buiteland. In 1583 met
Willem van Oranje getroud, die
groot leier van die Calv. Ned.
in hul heftige stryd met
die Kat. Spanje. 'n Baie gelukkige
huwelik maar kort van duur
want hy is reeds in 1584
vermoor. Sy bly met haar
eie seun en 'n hele aantal
stiefkinders agter. - Het met
baie moeilikhede, veral finansiële
moeilikhede, te kampe, maar

het uiteindelik daarin geslaag om al die kinders 'n goeie opvoeding te gee, natuurlik volgens egte Calvinistiese beginsels.

Dis Hugenote-heldinne hierdie, heldinne wat gewees het wat dit beteken om vir 'n ideaal te sterf. ~~en wat beteken geword is om 'n hele offer vir daardie ideaal te bring. In hele offer waardigheid en volharding staan hulle by vir mekaar agter.~~

Ons beklemtoon hierdie groot-figure en dis goed om van hulle kennis te neem. Maar ook 'n gevaar aan verbonde — ons loop gevaar om die aandeel van die gewone, die burgerlike Hugenote-vrou aan die opkoms van die Calvinisme in Fr. uit die oog te verloor. Leiers en leidsters moet daar wees, maar hulle beteken nog niks as hulle nie die volk of 'n deel van die volk kry nie. Die gewone Hug.-vrou het juis haar deel bygedra om die Calvinisme onder die volk te laat posvat.

Huisgesin die kern van die volk. Dis werkkring van die gewone vrou. Sy is belas met opvoeding van die kinders; onderwys hulle in die godsdiens. Van kleins af kry hulle dit in egte Calvinistiese gees. Dit word 'n vormende krag in hul lewe, dit vorm hul geestelike agtergrond. As Hugenote groei

hulle op en hulle set weer die werk voort, en die Hugenote word 'n krag in die volk. Maar die dryfkrag daaragter is die Hugenote-vrou, die Hugenote-moeder. In die stilte verrig sy haar werk, maar sy is 'n krag; 'n stille maar onmisbare krag — soos die veer in 'n horlosie.

Die konklusie waartoe dit ons bring is dat die opkoms van die Hugenote in 'n groot mate aan die Hugenote-vrou te danke is, nie slegs die leidster-figure nie, maar ook die gewone vrou.

IV Onderdrukking: Tydperk van onderdrukking vanaf dood van Hendrik IV tot ongeveer herroeping v. Edict van Nantes d.i. ±1610 – 1685. In hdd. tyd het Hugenote swaar gely. Die lyding wat die beleid van onderdrukking meegebring het, het veral die vrou getref. Dit sien ons b.v. by die beleg van La Rochelle. Ooreenkomstig Edict van Nantes het Hugenote verskeie versterkte plekke of vrye stede gehad, waarvan La Rochelle ~~die~~ verreweg die vernaamste was. Richelieu, die groot staatsman van Fr. in tyd v. Lod. XIII, het hom veral teen hierdie vrystede gewend. Een na die ander het hy ingeneem, maar La Rochelle, die trotse stad, het kragtig weerstand gebied. Besluit 'n

moeilike taak vir Rich. Gevolglik
beleg en afsluiting van see. –
Resultaat: hongersnood, steeds erger
en erger. Teenspoedig was die
vroue opgeoffer vir hul susters en
hulself. [Otto Goff:] Na enige maande sterf
daar 200 per dag, dan 300 en
dan 400 per dag. Die mans staan op
die mure om die stad te verdedig,
hulle is self doodswak. Die vroue
dra die lyke van die gestorwenes
weg. Maar weldra is hulle ook
te swak om dit te doen. ~~Na
13 maande is daar van 25,000
inwoners nog slegs 5,000 oor.~~ Die
Hugenote-vroue het toe saam met
haar man die onderdrukking verduur
en die stryd gestry. Na 13 maande
is daar van 25,000 inwoners nog
net 5,000 oor. Nou eers kon Rich.
met sy troepe die stad binnegaan.

Rich. het toe nie die regte
v.d. Hug. gevind, maar hul geloofs-
vryh. nie aangetas nie. Dit het
Lod. XIV 'n aantal jare later
gedoen. Verskeie maatreëls, maar dit
baat nie. Dan volg berugte
dragonnade-stelsel, waarmee hy
veral die Hug.-moeders en die Hug.-
huisgesin getref het. Wat dit
was en hoe dit gewerk het. Was
hoeveelheid vir mans, maar dit was
in ~~[illegible]~~ gruwelike orerg teenoor vroue. So'erg
dat selfs sommige Kat. dit
afgekeur het, bv. pous Innocentius XI.
Hiermee is die Hug.-huisgesin die
stutte v. die Calvin. geloof. Ook self het
vrou dus net soos man, en selfs meer,

vir 'n ideaal gely.

In 1685 het Lod. XIV d. Ed. v. Nantes opgehef. Nou is ~~geen~~ daar vir Hug. geen plek meer in Fr. nie. Maar hul word ook verbied om Fr. te verlaat; hulle moes in die land bly maar hul geloof prysgee. Nogtans het duisende, ja 'n paar honderd duisend, uitgewyk. In hierdie vlug was dit weer veral die vrone wat gely het. Die mans was sterk, veral die jong mans, hulle kon hul agtervolgers ontvlug. Maar met vrouens en kinders was dit anders. Theal: „One of the saddest features in this sad chapter in the history of human woe was the small number of women and children who escaped, compared with that of young and strong men".

Gevolgtrekking: die Hugenote-vrou het, net soos die man, en miskien ~~selfs nog~~ steeds vaster meer as die man, ~~kapitaal~~ onder die onderdrukking ~~van die Hug~~ gely. ~~maar die~~ Die Hugenote-vrone het hul geduldig hul deel gedoen, en hul was bereid om hul offers vir hul ideaal te bring. In hul teenspoed, hul volharding en offervaardigheid staan hulle vir niemand agter nie.

V ~~Hug~~ Aan die Kaap: Groot taak voor klompie Hug. wat na ons land gekom het. — die woeste brandarm; in 'n nuwe land en onder vreemdes. Waarmindert vir sulke vrone was dit 'n moeilike taak.

onder die klompie wat na die Kaap gekom het, tref ons bv. aan:-

Pierre Lombard, 'n sekere man, wat met een kind van die sorg van sy vrou afh. was.

Wed. Charles Marais met 4 kinders.

Wed. Charles Prévost, ook met 4 kinders.

Wed. Perrotet met twee kinders.

Ontsettende taak wat hfd vroue gewag het.

Maar aan al die Hug.-vroue het die pionierstoestande van die land hoë eise gestel. Danksy hulp van owerheid en gevestigde Holl. koloniste aan Kaap het hulle darem voedsel en klere gehad. Maar verder omtrent niks nie. Huise in die gewone sin van die woord het hulle nie gehad nie. Die owerheid het 'n bietjie hout en gereedskap tot beskikking v.d. Hug. geplaas; daarmee het hulle huisies, of liewer skerms opgerig. Dit was die eerste wonings van die Hug. vroue aan die Kaap. Hierin moes hulle vir hul gesinne sorg; ~~hierin hul~~ kinders opvoed volgens Calvinistiese beginsels. Maar hulle het volgehou; hulle het voortgeploeg, en hulle het eindelik oorwin. Waarom? - omdat daar in hul harte 'n lig gebrand het, wat hulle hoop, moed en koers gegee het. Hierdie lig was gewetensvryheid: die reg om die Here te aanbid soos hul gewete hul voorgeskryf het. Dit was hul kosbaarste besitting; daarvoor het hulle alles feil gehad. Hfd besitting het S.Afr. hul

gewaarborg, al is dit dan ook dat S.-Afr. baie opofferings van hulle geverg het.

Hug.-vroue moeders v.d. volk van S.-Afr. S.-Afr. kan hulle dankbaar wees, maar S. Afr. kan ook trots op hulle wees.

VI **Slot.** Wis die rol v.d. Hug.-vrou gewees: In ~~Fr~~ opkoms v. Hugenote haar deel ~~bygedra~~ gedoen; in die tyd v. onderdrukking haar deel v.d. lyding gedra; en in S. Afr. het sy die ~~medestigter~~ medestigter van 'n volk geword. In alles het sy getrou aan die sy van haar man gestaan. Saam het hulle na één ideaal gestrewe. Daar is 'n treffende ooreenkoms tussen die Hugenote-vrou en Voortrekkervrou: albei het in hul liggaamlike swakheid geestelike krag aan die man gegee.

# Margaretha van Navarre.

(1492 – 1549)

Dogter van Karel van Orléans en Louise van Savoye. In 1509 getroud met die Graaf van Alençon. In 1515 word haar broer Frans koning van Fr. Gevolglik word haar klein hof nou druk besoek. In 1527, na sy weduwee geword het, trou sy met Hendrik van Albret, koning van Navarre. Woon dan sonder onderbreking by Nérac en beskerm Protestante. Dus lof van voorstanders maar vyandskap van teenstanders van Hervorming. — Sy was 'n baie begaafde, verstandige en sedelike vrou. Bekend as skryfster van Heptaméron (1559).

[Winkler Prins].

Renata van Frankryk (1510–1575)

was 'n dogter van Lod. XII v. Fr. Opgevoed onder invloed van Margaretha van Navarre, wat met Prot. gesimpatiseer het. 1528 getroud met Ercole d'Este, erfprins v. Ferrara – politieke huwelik en erg ongelukkig. Haar hof te Ferrara 'n middelpunt van kuns en wetenskap. Toon openlik haar simpatie met Prot. – ontvang by Ferrara o.a. ook Calvyn self. Baie It. Protestante kom by haar 'n toevlug soek. Maar Ercole d'Este keer hom teen Prot.; inkwisisie word in Ferrara ingevoer en alle vreemdelinge moet haar hof verlaat. Sy is selfs met sommige van haar hofdames gevange geneem. Word agter uiterlik Katoliek, en na ses maande berou. Na dood van haar man in 1559 vlug sy

R. v. Fr.

na Frankryk. Op haar kasteel
by Montargis bely sy
openlik weer haar eie
geloof, en bied 'n
toevlugsoord vir Hugenote.
Was in briefwisseling
met Calvyn en baie
ander Prot. leiers. Was in
1572 toevallig in Parys en het
daarin geslaag om in
vreeslike Barth.-nag 'n
hele aantal van haar
geloofsgenote te red.
[Winkler Prins].

## Louise de Coligny (1555 - 1620) 1.

Dogter van Gaspard de Coligny. Mei 1572 getroud met Charles de Téligny. Na huwelikslewe van 'n paar maande is haar man — net soos haar vader — in Barth.-nag vermoor. Vlug en vertoef tot 1576 in buiteland, veral in Genève en Basel. In 1583 getroud met Willem van Oranje. Huwelik baie gelukkig maar reeds in volg. jaar is Willem I vermoor. Bly in moeilike omstandighede met haar seun en baie stiefkinders agter. Gee hulle almal 'n goeie en liefdevolle opvoeding, maar het met ernstige finansiële moeilikhede te kampe. Verlang dan dikwels terug na Fr. en vertoef verskeie kere daar. Twee maal by Hendrik IV as gasheer. — in haar baie gelukkige jare. Na sy dood in 1610

voel sy haar daar nie meer tuis nie, en gaan woon weer in die Ned. Daar haar omgang in veral haar stiefdogters baie bemind.

[Winkler Prins].